**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 2 EENHEID 7: PRODUKSIEMOONTLIKHEIDS-KURWES** ***MEMORANDUM***

**1 Wat word deur 'n produksiemoontlikheidkurwe geïllustreer?**

Dit illustreer die kombinasies van twee verskillende produkte wat geproduseer kan word as al die produksiemiddele effektief aangewend kan word.

**2 Wat illustreer 'n punt op die produksiemoontlikheidskurwe?**

Die spesifieke hoeveelhede van elke produk wat volgens daardie punt op die kurwe geproduseer kan word.

**3 Wat verteenwoordig die area binne die kurwe in terme van produksie?**

Dit verteenwoordig moontlike maar ondoeltreffende produksie.

**4 Wat beteken 'n uitwaartse skuif van die produksiemoontlikheidskurwe?**

Meer uitsette kan geproduseer word omdat die produksiemiddele toegeneem het of meer doeltreffend aangewend word.

**5 'n Produksiemoontlikheidskurwe skuif as gevolg van onderstaande faktore. Dui aan watter van die faktore interne of eksterne faktore is. (a) 'n verswakking in die gehalte van die arbeidsmag; (b) hoë rentekoerse; (c) gebrek aan investering in nuwe kapitaaltoerusting in sommige fabrieke.**

(a) ekstern (b) ekstern (c) intern

6 **Die produksiemoontlikheidskurwe dui bepaalde ekonomiese beginsels aan. Stel die beginsels deur die ontbrekende woorde te verskaf: As gevolg van ekonomiese skaarsheid moet produksiemiddele so (a) ... moontlik aangewend word. Keuses moet gedoen word as gevolg van ekonomiese (b) ... . Daar kan net meer van een produk geproduseer word as (c) ... van 'n ander produk geproduseer word.**

(a) effektief (b) skaarsheid (c) minder

**7 Onder watter omstandighede sal dit moontlik wees om meer van een produk te produseer terwyl dieselfde hoeveelheid van die ander produk geproduseer word?**

As die produksiemoontlikhede van slegs die een produk verbeter het.

**8 Hoe sal 'n styging in rentekoerse die koste van kapitaaltoerusting beïnvloed?**

Dit sal kapitaaltoerusting duurder maak.